Die eerrode,

Die Dameskring se vriendskapsooreenkoms

Ons erken mekaar as geesgenote.

In ons omgang met mekaar is ons bedagsaam, simpatiek en verdraagsaam.

Ons waardeer mekaar en is te alle tye gereed om mekaar by te staan.

Ons waak oor mekaar se belange en deel mekaar se vreugde en leed.

Ons erken mekaar se vermoëns.

Ons vertrou mekaar onder alle omstandighede.

Ons is bereid tot diensbaarheid en aktiewe deelname in ons gemeenskap.

Ons tree met selfdissipline op.

Ons glo in die almag van God Drie-enig en soek bo alles die verheerliking van sy naam.

Ons waak en werk.